

HIERDIE WEEK IN DIE GEMEENTE HERVORMINGSFEES

Spesiale Deurkollekte: Senior Bediening

08:20	Jeugdiens	Jongensfontein Karavaanpark Ds. Vian Louw
09:30	Erediens	Jongensfontein Ds. Francois Taljaard
10:15	Erediens	Kerk Dr. Tiesie de Coning
10:15	Erediens	Huis Stilbaai Ds. Ricus Fick

VOLGENDE WEEK

Spesiale Deurkollekte: BADISA Stilbaai

08:20	Jeugdiens	Kerk Ds. Francois Taljaard
09:30	Erediens	Jongensfontein Ds. Schalk Kotzé
10:15	Erediens	Kerk Ds. Francois Taljaard
10:15	Erediens	Huis Stilbaai Ds. Manus Duminy

LERAARS: SPREEKKAMER

Hierdie week aan diens: **Ds. Vian Louw**
Vir 'n afspraak kontak:



Kerkkantoor
028 754 1705

WhatsApp Boodskap
072 043 6057

PROGRAM VAN DIE WEEK

Maandag: 26 Oktober 2026

17:15 Kooroefening - Kerk

Dinsdag: 27 Oktober 2026

10:00 Bediening vir Finansies Vergadering - Kerk

18:00 Bediening vir Aanbiddings-vergadering - Kerk

Woensdag: 28 Oktober 2026

10:00 Voorbidding - Kerk

17:30 Leef Logos Bybelskool
Tema: Hoe Matteus
Jesus aan ons voorstel.



KERKRAADSVERGADERING

Ons vra u voorbidding vir hierdie vergadering wat gehou gaan word op **Dinsdag, 10 November** om **18:00** by die kerk.



LERAARS: DAGBOEKE

Ons leraars se dagboeke word deur die kerkkantoor bestuur.

Indien iemand 'n besoek deur 'n leraar benodig, kontak vir Tersia by die kerkkantoor:



Kerkkantoor
028 754 1705



Gelukwensing aan 14 deelnemers wat Sondag hulle Veritas sertifikate ontvang na suksesvolle voltooiing van hul modules. Spesiale gelukwensing aan 3 deelnemers wat module 4 voltooi het.

Kom skakel in en word bemagtig om die Bybel reg te verstaan, die boodskap toe te pas en oor te dra aan ander. Registreer voor **27 Januarie 2027**.

Klasse begin **10 Februarie** met weeklikse sessies van 90 minute elk teen R650.

Vir navrae kontak:

Francois Labuschagne
082 443 8055

Hannatjie Drotské
082 215 6532



KENNISGEWING

Die kerkkantoor sal gesluit wees op **Donderdag, 29 Oktober en Vrydag, 30 Oktober** vir personeel opleiding.

LERAARS BESONDERHEDE

Ds. Francois Taljaard	061 460 6404	Kloof & Platbos
Ds. Vian Louw	074 131 7967	Almal 50 jaar & jonger
Ds. Mauritz Heyneman	071 159 9525	Suidsee & Oewer, Stilbaai Oos & Plase Oos
Ds. Schalk Kotzé	083 655 7930	Hawe & Jongensfontein
Prop. Deona Aucamp	082 470 8144	Brug & Rivier

BANK BESONDERHEDE

Nedbank
Rek. Naam: N.G. Kerk Stilbaai
Rek. Nr. 1626-522-391
Takkode: 198-765

KERKKANTOOR INLIGTING

📍 Pastoriestraat 15, Stilbaai 6674
📮 Posbus 23, Stilbaai 6674
☎ 028 754 1705
✉ lydiaheyns@ngkstilbaai.co.za
admin@ngkstilbaai.co.za

Indien u van adres of persoonlike inligting verander het, kontak asb die kerkkantoor sodat ons u inligting kan opdateer.





Badisa, in samewerking met 'n omgeegroep van die N.G. Kerk Stilbaai, het die *Sakkie vir 'n Pakkie* Kosprojek 'n hele paar jaar gelede begin.

Hierdie projek werk so:

- In die voorportaal van die kerk, kerkkantoor en by Badisa se kantoor in Melkboomstraat, sal u sakkies vind.
- U neem 'n sakkie.
- Binne-in die sakkie is 'n papiertjie met die name van slegs een of twee items.
- U gaan koop die items, plaas dit in die sakkie en bring die sakkie terug na die kerk, kerkkantoor, OK Grocer of Badisa, waar u dit in die beskikbare mandjies plaas.
- Indien u eerder 'n geldelike bydrae wil maak, kan u dit by Badisa self inbetaal.

Kospakkies word opgemaak vir behoeftige gesinne. Dit is 'n baie verdienstelike projek en ons het elkeen van u se hulp dringend nodig.

'n Klein gebaar maak 'n groot verskil!



'n Samaritaan is bereid om oor die pad te stap om ander te help.

Ons wil meewerk om 'n gemeenskap te bou waar almal saamstaan en mekaar help.

Kom help ons om deernispakkies te maak of **"Deps 'n Ouma of Oupa"** in wie se lewe jy 'n verskil kan maak. Sluit by ons aan, maar wees elke dag 'n Samaritaan, net daar waar jy is!

Vir meer inligting, kontak
Anwyn Dreyer
074 602 5295



Baaija vir Biekie liefdadigheidswinkel in Hoofweg-Wes is nie net die oudste liefdadigheidswinkel in Stilbaai nie, maar is ook 'n projek van Badisa Stilbaai wat begin is om te help met armoedeverligting in ons omgewing.

Opbrengs uit hierdie winkel word spesifiek gebruik vir hulpbehoewende mense binne die Stilbaai, Jongensfontein en Melkhoutfontein gebied.

Ons wil elkeen van u graag uitnooi om 'n draaitjie te kom maak. Ons winkel is skoon, netjies en die kwaliteit van ons produkte is baie goed. Ons personeel is vriendelik en professioneel en wag nêr vir jou.

Op hierdie stadium het die winkel 'n baie groot behoefte aan:

- linneware - veral gordyne
- breekware
- kombuisware.

So, indien u dalk bietjie wil kaste skoonmaak, kan u dit met graagte vir ons kom afgee en weet dat dit vir 'n goeie doel aangewend gaan word.

Moenie wag nie, kom besoek Baaija vir Biekie



Ons harte gaan uit na die familie en vriende van

Louis Winter

wat oorlede is. Ons bid die Here se krag en vertoosting oor sy familie in hierdie baie moeilike en hartseer tyd.



VOORBIDDING

Die Bybelgenootskap vra spesiale voorbidding hierdie week vir die volgende lande:



Honduras

Bid vir ons nuwe Hoofsekretaris, Marlon Cardona, terwyl hy hierdie nuwe fase van leierskap betree. Vra God om wysheid en visie te skenk. Dank God vir pastoor Jorge Gómez se meer as 30 jaar van getroue diens en blywende nalatenskap.



El Salvador

Bid vir ons *Living in the Middle of Fear* - projek wat kinders help om die trauma van geweld deur God se Woord te verwerk. Vra God om onderwysers en skole wat hierdie program gebruik, te versterk.



Suriname

Suriname se ryk taaldiversiteit skep voortdurende behoefte aan die Bybel in verskillende tale. Bid vir suksesvolle vertaling en verspeiding van God se Woord.

DIE WEEK SE GEBED

EEN MINUUT MET GOD

Maak jou hart stil. Haal asem. Hy luister.

Liewe Heer,

Maak ons oë oop vir mense in nood.

Maak ons harte sag vir ander se seer.

Maak ons hande bereid om te help.

Ons dank U dat ons altyd by U kan kom skuil in ons eie tye van nood en seer.

Mag ons elke dag onthou dat U goedheid en genade altyd oor ons sal wees.

Amen



BASAAR-OPBRENGS

Daar is nog heelwat berekeninge wat gemaak moet word alvorens die opbrengs van ons basaar bekend gemaak kan word.

Ons vra dat u asb geduldig sal wees.

Baie dankie.